# DAGBREEK

MANSKOSHUIS | MEN'S RESIDENCE

# DIE EIFFEL

EERSTEJAARSUITGAWE

# ETOS

**Dagbreek** is die **Huis van Roem en Faam** met 'n trotse en roemryke verlede.

In Dagbreek kweek ons rolmodelle vir die toekoms, om die Republiek van Suid-Afrika op alle terreine te dien. Dagbrekers staan tot diens van hul medemens en mede-Dagbrekers. Ons strewe om eenheid, tradisie, die Suid-Afrikaanse kultuur en Christelike waardes te koester; sonder uitsluiting van enige ander denkwyses. Dagbreek, met sy unieke karakter, se krag lê juis in sy diversiteit en dit skep grenslose geleenthede vir elke individu.

Dagbreek se oogmerk as manskoshuis is om met selfdissipline en 'n pligsbesef te streef na uitnemendheid in:

- akademie,
- kultuur,
- sport,
- burgerskap, en
- leierskap

Dagbreek is soos 'n goue draad wat deur elke huidige en voormalige huislid se lewe verweef is en met die volgende leefwyse na binne en buite wandel. As Dagbrekers is ons verbind tot:

- 'n Wedersydse respek en belangstelling teenoor ons medemens;
- Die vorming van egte vriendskappe en vestiging van 'n tydlose kameraderie;
- 'n Gentlemanskap teenoor almal;
- 'n Trots op dit wat ons eie is, tot die voortbestaan van ons misterie;
- Die beskerming en behoud van ons Huis ten alle koste.

As Dagbrekers is ons oortuig dat as ons hierdie etos nastreef dat dit sal lei tot die vorming en vaslegging van waardes en tradisies waarop alle Dagbrekers nou en in die toekoms trots sal wees, soos wat dit in die laaste 100 jaar was.

# BOODSKAP VAN DIE PRIMARIUS



Geagte toekomstige Dagbreker,

Ek onthou nog toe ek as nuweling ‘n brief van die Primarius, nes dié een, gelees het, sonder om te weet wat presies ‘n Primarius is en hoekom hy ‘n brief aan my as nuweling skryf. Laat ek dus verduidelik. Dit is my eer as “hoofseun” van hierdie roemryke instelling om jou as nuweling toe te spreek, te verwelkom en ‘n bietjie van ‘n idee te gee van wat voorlê.

Die woord “Dagbreek” (die tyd wanneer daglig vir die eerste keer verskyn aan die begin van ‘n nuwe dag) is simbolies aan die begin van ‘n nuwe era. Dit beskryf presies waar jy jouself tans in die lewe bevind: jy is uiteindelik klaar met jou skoolloopbaan en reg om ‘n nuwe hoofstuk in jou lewe aan te pak – jou era van student-wees is om die draai.

Dit is my grootste eer as Primarius, saam met elke lid van die Huiskomitee, om jou in hierdie nuwe seisoen van jou lewe te verwelkom. Jy begin hierdie era nie net by een van die beste universiteite in die land nie, maar ook by die mees uitdagende manskoshuis om by in te kom: Dagbreek Manskoshuis. Ek wil jou daarom gelukwens met die harde werk en byna ontelbare ure wat jy moes insit om hierdie prestasie te bereik. Jy sal binnekort besef dat jou harde werk nie verniet was nie, en watse groot eer dit is om ‘n Dagbreker te wees.

Dagbreek, in sy kern, se doel is tweeledig: dit is eerstens 'n jaarlikse tuiste vir 378 mans wat inwoners die geleentheid bied om 'n unieke en avontuurlustige universiteitslewe te hê en langdurige herinneringe saam met ander inwoners te maak. Tweedens, en miskien meer belangrik, is dit ’n plek waar die kultuur en waardes wat dit uitbeeld jou voorberei vir die wêreld daarbuite en jou in staat stel om die verskillende rolle wat jy in die samelewing eendag sal speel na die beste van jou vermoë sal kan doen. Dit mag dalk vir jou die rol van 'n man, 'n pa, 'n leier of net as 'n aktiewe bydraende lid van die samelewing insluit. Ons kernwaardes van respek, menswaardigheid, gelykheid, eenheid en broederskap help ons om hierdie doel te bereik.

Dagbreek is nie net ‘n gebou nie, maar ‘n leefwyse.
Dagbrekers is daarvoor bekend dat hulle ‘n standaard van uitnemendheid handhaaf.
Dagbrekers is daarvoor bekend dat hulle voorlopers op hul onderskeie terreine is.
Dagbrekers is daarvoor bekend dat hulle nie te gemaklik en selfvoldaan raak nie, maar aanhou streef tot verbetering. Ons, as Dagbreek, wil julle in hierdie kultuur verwelkom.
Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie kultuur en omgewing nie kan bestaan sonder 'n sterk ondersteuningstruktuur vir elke Dagbreker om te help om jou unieke potensiaal te verwesenlik nie. Die Huiskomitee en Mentors is daartoe verbind om te verseker dat Dagbrekers kan uitblink en hul plek binne die koshuis vind.

Met hierdie in gedagte, wil ek klem daarop lê dat daar ‘n plek vir jou in Dagbreek is, ongeag watse agtergrond jy vandaan kom. Daar mag dalk diversiteit wees in terme van kultuur, taal, ras of geloof in hierdie plek, maar ons almal in Dagbreek het een ding in gemeen: ons bly in dieselfde huis. En die feit dat ons saam in dieselfde huis bly, maak ons familie. Onthou dit.

Ek glo dat jy binnekort, nes ek, ‘n liefde vir hierdie plek sal ontwikkel, en sal besef dat jy deel vorm van ‘n instansie baie groter as jouself.
Ek daag jou uit vir die jaar wat kom om uit jou gemaksone te kom, en met ‘n positiewe gesindheid en ‘n hart oop vir nuwe ervaringe na Dagbreek toe te kom. Wees reg om nuwe mense te ontmoet, onvergeetlike herinneringe te skep, lewenslange vriendskappe te smee en deel te vorm van ‘n instansie met meer as ‘n honderd jaar se tradisie en kultuur.

Vriendelike groete,
Henri van der Westhuizen










TYCO
INTERNATIONAL



# Die Geskiedenis van Dagbreek

Die Huis van Roem en Faam het oor ‘n tydperk van 102 jaar in ‘n wêreld van sy eie ontwikkel. Wanneer jy by die voordeur instap en deur die voorportaal beweeg, betree jy ‘n groot vierkant wat as die Quad bekend staan. Dit vorm die kern van Dagbreek se aktiwiteite en bestaan. Die eerste ding wat jy sal opmerk, is die alombekende simbool wat in die middel van die Quad staan:

## Die Eiffel


Wyd en syd word Dagbreek met die Eiffel, en die Eiffel met Dagbreek, geassosieer. Dit is ons amptelike simbool, en pryk op die Huiswapen. Hierdie simbool dien ook as ‘n naam vir die Huis se amptelike publikasies (Die Eiffel), die derde rugbyspan (Die Eiffels) en ons hoog-aangeskrewe sêrgroep (Die Eiffelkoor).

Die Eiffel het reeds lank voor die sewentigerjare vir die Huis van Roem en Faam betekenis gehad. Die oorspronklike Eiffel is deur Koos du Pisani as deel van die vlotoptog in 1954 gebou.

Hierdie voorstelling van die Franse Departement, is aangewys as die beste inskrywing. Na die optog het die Eiffel ‘n ereplek in die middel van die Quad gekry.

In 1958, onder leiding van Willie Esterhuyse, destydse Primarius, is hierdie model met ‘n replika vervang. Die vorige Eiffel is in 1962 deur Roelf Hollenbach en Jan du Preez gebou. In 2004, na jare se diens op die Quad en in ons harte, is ‘n nuwe Eiffel (ontwerp en gebou deur Fanie en Abie Nel) ter viering van die oorspronklike se vyftigste herdenking, opgerig.

Op die wapen van Dagbreek staan die Eiffel voor ‘n opkomende son. Die son is nie net simbolies van Dagbreek se naam nie. As simbool van lig, is dit ‘n teken van die hoop en vertroue wat Dagbrekers in mekaar en in ander het.



# Die Huis

Die koshuis is gebou in die vorm van ‘n vierkant en bestaan uit 17 bewoonde seksies. Seksies 1 tot 7 vorm die Seniorhuis waar manne van hul derde jaar af kan bly. Die Juniorhuis bestaan uit Seksie 8 tot 18 (Seksie 16 is die huidige eetsaal).

Eerste- en tweede-jaars bly in die Juniorhuis in dubbelkamers. Anders as in ander koshuise, is Dagbreek in verskillende dele (of seksies) gebou met vier kamers en ‘n badkamer per vloer. Hierdie boustyl het tot gevolg gehad dat elke seksie ‘n unieke karakter en tradisies het. Die wedywering tussen seksies is ‘n kenmerk van die Huis se dag-tot-dag bestaan.

Wynand Louw is die argitek van Dagbreek. Bouwerk is in 1920 begin en in 1921 voltooi, maar die gebou het slegs Seksies 1 tot 7 ingesluit. Die inwoners en studente van Stellenbosch was destyds verstom oor die reuse drieverdiepinggebou. JD Conradie was die heel eerste inwoner en in die eerste jaar van die Huis se bestaan, was daar slegs 27 inwoners.

Aanvanklik het elke inwoner sy eie kos voorberei. Hierdie stelsel het egter glad nie goed gewerk nie, en in 1925 is begin met die aanbou van Seksies 8 tot 18. Die nuwe deel het ‘n eetsaal ingesluit, asook ‘n ontspanningsaal.

Hierdie saal, Visholpark, is vernoem na twee vorige inwoners, Visser en Hollenbach, wat die pluimbalbaan daar uitgelê het.



Ander vertrekke sluit in, onder andere, ‘n Huis-komiteekamer, gebedskamer, waskamer, poskamer, Dagbreek Klub, die Argief en ’n gimnasium vir die fiksheidsbewustes.

### Meer as net Akademie...

Dagbreek bied sy inwoners verskeie geleenthede om hulself optimaal te ontwikkel en voor te berei vir die lewe daarbuite. Spansporte is baie populêr onder Dagbrekers waar beide die rugby en hokkiespanne hul ligas in 2018 onderskeidelik gewen het. Die eerste waterpolo-, skaak- en tafeltennisspan het as kampioene in 2019 geseevier. In 2022 en 2023 het die Dagbreek Eiffelkoor die Universiteit van Stellenbosch se Acapella kompetisie gewen. Die eerstespan hokkie het ook die Hauer (die hokkieliga) gewen in 2022. Behalwe vir sport en kultuur, is daar verskillende komitees, vir ‘n wye verskeidenheid aktiwiteite, om te verseker dat daar ruimte is vir elkeen om homself uit te leef.



# Vanuit die Argief


"Die jaar is 1918. Die Victoria-kollege se status is pas verhoog tot dié van 'n universiteit en dit was van toe af bekend as die Universiteit van Stellenbosch. 'n Akute behuisingstekort is vinnig geïdentifiseer toe voornemende studente van regoor Suid-Afrika gestroom het na Stellenbosch vir hoër akademiese onderrig. In 1920 begin die bouproses van die eerste sewe afdelings van Dagbreek wat, as dit van bo af gesien word, sou lyk soos die vorm van die letter L, en wat onder studente bekendgestaan het as "Die Nuwe Koshuis". Studente het in die koshuis ingetrek nog voordat die bouwerk aan die einde van 1921 voltooi is.



***Lugfoto van Dagbreek in die 1900's***

Aanvanklik het die universiteit geen kos voorsien aan studente nie, en spysenieringsdienste, soos ons dit vandag ken, was maar min. Die eerste inwoners moes kook en elke ete vir hulself voorsien. Hulle het die bynaam "die honger mans" of "die hongerly" ontvang. Dit is ook te siene op die eerste skild van Dagbreek waar panne en potte die tydperk van swaarkry voorstel. Kort voor lank het die eerste 27 inwoners van "Die Nuwe Koshuis" onder leiding van die eerste primarius, Eben Greyling, op Dagbreek besluit as die nuwe naam vir die koshuis. Dit was simbolies van die nuwe dag of nuwe tydperk wat in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch aangebreek het. Dagbreek was die eerste moderne koshuis in Stellenbosch. Sommige kan dan vra waarom word die koshuis tot vandag toe nog ook die John Murray Huis genoem word.

Die universiteit was vasbeslote om dit na John Murray te vernoem. Gebore in Graaff-Reinet, het John op 12-jarige ouderdom met sy gesin na Aberdeen, Skotland verhuis. In 1845 reis hy en sy broer na Nederland om verder Teologie te gaan studeer. By hul aankoms in Suid-Afrika in 1849 het hulle vinnig bekend geword vir hul godsdienstige werk in gemeenskappe regoor Suid-Afrika.




***Die Evolusie van die Dagbreekskild***

In 1859 het John Murray die teologiese kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch geopen en 24 jaar van sy lewe daaraan gewy om die instelling te dien. John Murray het verder invloedryke rolle gespeel in die ontstaansjare van beide Paul Roos Gimnasium en Bloemhof Hoërskool wat steeds vandag op Stellenbosch gevind kan word.

Dit het die inwoners van Dagbreek met 'n dilemma gelaat omdat die universiteit nie die nuwe naam wou aanvaar nie. Sewe jaar lank het die inwoners van Dagbreek volhard in hul pogings en kort daarna is die dubbele benaming, beide met buitengewone betekenis en waarde, deur die Universiteit goedgekeur.

Gedurende die afgelope eeu het die vier mure van Dagbreek sy doel gedien om aanslae van verskeie kampuskoshuise en selfs koshuise van Ikeys (Universiteit van Kaapstad) te weerstaan.

Die geskiedenis van Dagbreek is gevul met tradisie en onvergeetlike gebeure. Hierdie moet dien as 'n vinnige inleiding tot wat baie mense as hul gunstelinghuis beskou. Die inwoners van Dagbreek se stille roem lê in die prestasies wat nog bereik moet word, aangesien ons intrinsieke waardes ons daartoe dryf om met passie en integriteit te lei en om goed opgevoede lede van die samelewing te kweek wat bydra tot die verbetering van Suid-Afrika."



***Dagbreek Argief***

# Vorige Inwoners

Die afgelope 102 jaar het verskeie Dagbrekers diep spore in Suid-Afrika getrap en wêreldroem verwerf. Een van die bekendste, en geliefste, Oud-Dagbrekers is die ontslape Oom Koos Meyer. As bobaas storieverteller het hy die hele land vermaak met staaltjies uit sy studentedae.

Op die sportveld het Dagbreek verskeie Springbokke en ander uitblinkers opgelewer: Dawie Snyman (Springbok en later afrigter), Jan Boland Coetzee, Kobus Burger, Faffa Knoetze, Colin Beck, Louis Koen, Kat Myburgh, Gaffie du Toit, Gio Aplon en Charl McCleod

Verder was Tony Leon (oud-Springbokgimnas), Danie Malan (eertydse rekord-houer in die 800m en 1500m) en De Villiers Lampbrecht (eerste SA atleet wat die droommyl gehardloop het) ook op hul dag Huislede.

Dagbreek het egter nie net sportsterre opgelewer nie. Verskeie skrywers en sangers het ook 'n deel van hul lewens in Dagbreek deurgebring. WA de Klerk, FA Venter, Ettienne le Roux, Uys Krige en Ernst van Heerden (almal bekende skrywers), André Schwartz, HB Thom (bekende kultuurleier en oudrektor), Mike de Vries (oudrektor) en Bun Booyens (vermaarde akademikus).

In die besigheidsektor spog Dagbreek met verskeie entrepreneurs en toonaangewende leiers, byvoorbeeld Louw Barnardt wat aangewys is as die 2018 Sanlam Opkomende Besigheids Entrepreneur van die Jaar.

Daar word groot klem geplaas op tradisie en dus is dit geen verrassing dat verskeie geslagte van families teurgkeer na Dagbreek en die koshuis kies as hul huis.

Seker een van die grootste Dagbrekers, is wyle Bethuel Sibuta wat vir 47 jaar in die kombuis gewerk het en saam met baie groot name van sy tyd hier geleef het. Dit is juis vir hierdie rede dat die eetsaal na Bethuel self vernoem is, ten einde sy lewe te vier en sy bydra tot die Huis van Roem en Faam.

# Sport en Kultuur



Dagbreek bied die volgende aan:
Sokker, Rugby, Hokkie, Krieket, Tennis, Waterpolo, Golf, Atletiek, Landloop, Tafeltennis, Muurbal, Swem, Skaak, Eiffelkoor, Molassesêr, Toneel, Debat, Basketball




***Bethuel Sibuta Eetsaal***

# HUISKOMITEE 2024



**Henri van der Westhuizen**
**Primarius**
Seksie 6
Konstitusie
BRekLLB IV
Johannesburg



**Francois du Toit**
**Onder Primarius**
Seksie 6
Verwelkoming, Bloubakkie, 1ste & 2de Jaars, IBN, Veiligheid, Dissipline
BRek NGDip
Bellville



**James Caldwell**
Seksie 1
Sekretaris
BRekLLB III
Brackenfell



**Armand Knoetze**
Seksie 2
Multimedia, Quadnaval
BRek NGDip
Pretoria



**Adriaan van Wyk**
Seksie 3
Tesourier
BRekLLB IV
Elandsfontein



**Chris Briel**
Seksie 4
Critical engagement, Mentors, Relevansie
BRek NGDip
Reitz



**Sven Africa**
Seksie 5
Toere, Jnr/Snr Huisweek, Studentewelstand
BCom Bestuurswetenskap III
George



**Johann Roode**
Seksie 7
KGB Intern, Media
BRek Hons
Hoedspruit




**Tom Des Heath**
Seksie 8
Gym, Cluster, Huisdans
BData Wetenskap (Toegepaste Wiskunde) III
Port Elizabeth

# HUISKOMITEE 2024



**Johnny Lochner**
Seksie 9
Vensters, Straatmyl, Pa & Seun Naweek
BIng Siviel III
Springs



**Timothy Andrew**
Seksie 10
Geestelik, Sosiale Impak
BRek III
Pietermaritzburg



**Janneman Slabbert**
Seksie 11
Sport I, JDB & ODB
BRek III
Stellenbosch



**Jamie Gertze**
Seksie 12
Klank, Personeel & Instandhouding
BCom Bestuurswetenskap (EDP) III
Swellendam



**Cole Baker**
Seksie 13
Taal, Kultuur, Studente-Affêre
BCom Regte III
Pietermaritzburg



**Zander Jansen van Rensburg**
Seksie 14
Klerasie, Sport II
BRek III
Johannesburg



**Alexander van Wyk**
Seksie 15
Kamerindelings, Huisdinee, Eretoekennings
Aktuariële Wetenskap III
Stellenbosch



**Gerhard Nieuwoudt**
Seksie 17
Klub, KGB Ekstern
BIng Bedryfs III
Stellenbosch



**Henk Heymans**
Seksie 18
Quad & Volhoubaarheid, Argief en Erfenis
BSc Bewaring Ekologie III
Ballito

# LIEDERE

## Huislied

### Afrikaans

Ken jy die Huis van Roem en Faam
Op vaste rots gebou
Daar is geen Huis met beter naam
Standvastig en getrou.

Kom Dagbreek laat jou strale skitter
In lig van volle dag

Kom Dagbreek laat jou strale skitter
In lig van volle dag!
Kom almal saam
Sprei uit jul faam
Hou hoog jul glorieryke naam!

### Engels

Behold the House, renowned and famed,
as built on steady ground
There is no House with greater name
It's steadfast and devout

Come Dagbreek let your glory strengthen
In light of shining day

Come Dagbreek let your glory strengthen
In light of shining day
Join all as one
to greater fame
Uphold and glorify our name



*Dagbreek Eiffelkoor in Aksie*



*Dagbreek Eiffelkoor 2023 (Stellenbosch Universiteit Acapella Kompetisie Wenners)*

# Sangers

Ons is sangers van ou Dagbreek
Huis van wêreld Roem en Faam
Van die Kaap tot aan Zambezi
Is geen Huis met beter naam.

Dagbreek, o Dagbreek
Huis van Roem en Faam
Dagbreek, o Dagbreek
Ons hou hoog jou naam!

As die rooidag in die Ooste
Breek met helder reënboogkleur
Sing die skepping van ons tuiste
Bring die naam van Dagbreek eer.

Dagbreek, o Dagbreek
Huis van Roem en Faam
Dagbreek, o Dagbreek
Ons hou hoog jou naam!

Teen die skemer van ons lewe
In die nag van dood en smart
Breek die son van ons verlede
Dagbreek-vreugde in ons hart!

Dagbreek, o Dagbreek
Huis van Roem en Faam
Dagbreek, o Dagbreek
Ons hou hoog jou naam!



"Ons mag nie roem in hierdie prestasies
wat reeds gelewer is nie.
Ons stille roem lê in die prestasies wat
nog gelewer moet word."

**- Die Eiffel, Oktober 1963**

α§Θ◈●